# PROFIEL VAN 'n HUGENOTE-STAMVADER




## JACQUES MALAN
## ca. 1665 – 1742

# PROFIEL VAN 'n HUGENOTE-STAMVADER

Saamgestel onder redaksie van

J.C. Malan

en

Uitgegee deur

Die Malan-familiebond
Posbus 10215
Linton Grange
6015

22 Oktober 1994

HIERDIE PUBLIKASIE IS MOONTLIK
GEMAAK DEUR GELDELIKE BYDRAES
WAT VAN TWEE
MALANS ONTVANG IS.

Kopiereg (C) 1994
Malan-familiebond

GEDRUK EN GEBIND DEUR:
Stop Press Printers

# VOORWOORD

Terwille van sy geloofsvryheid het Jacques Malan, ons Hugenote stamvader presies 306 jaar gelede saam met ander geesgenote en familielede na De Kaap de Goede Hoop gevlug. Hier het hy met sy karige besittings, wat heelwaarskynlik slegs die klere aan sy lyf verteenwoordig het, voet aan wal gesit. Tragies genoeg het die ander lede van sy familie soos heelwat andere nie die ontberinge van die lang seereis oorleef nie. Met weinig ander vooruitsigte as om die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie op een of ander wyse te dien, moes hy te lande 'n nuwe bestaan in 'n vreemde wêreld met weinig vriende of selfs kennisse, behalwe dié wat die seereis saam met hom meegemaak het, van heel onder af begin.

Ons weet nie hoe Jacques gelyk het nie want nêrens bestaan daar 'n afbeelding of beskrywing van hom nie. Ons vermoed wel dat hy 'n gesonde gestel gehad het anders sou hy die tog te voet vanaf sy geboortedorp via Switserland en Frankfurt na Rotterdam nie kon aangedurf het nie. Bowendien was dit waarskynlik ook sy behoud tydens die lang en veeleisende seereis na die Kaap.

Hoewel geen bewyse daarvoor gevind kon word nie, word algemeen aanvaar dat hy op 20 Maart 1688 uit Amsterdam aan boord van die **Berg China** vertrek het. Ons weet egter dat hy op 4 Augustus 1688 as passasier op hierdie skip aan De Kaap de Goede Hoop geland het, toe ongeveer 23 jaar oud en ongetroud was. Hier sou hy 'n gesiene en welvarende boer en die stamvader van die Suid-Afrikaanse vertakking van die Malans word.

Origens weet ons eintlik niks meer van hom af nie. Derhalwe moet daar, om meer van sy persoonlikheid te wete te kom, afleidings uit die karige bekende gegewens oor sy doen en late gemaak word. So weet ons dat hy wat die materiële sy van sy lewe hier aan die Kaap betref, nie alleen 'n suksesvolle boer was nie, maar ook in sy sake-ondernemings groot welslae beleef het. Hiervan getuig sy talle transaksies met die koop en verkoop van vaste eiendom. Moontlik kan hy daardeur selfs as 'n grondspekulant beskou word. Om dit alles te vermag, getuig nie alleen van sy besondere sakevernuf nie, maar vertoon hom ook as 'n hardwerkende man met besondere ondernemingsgees en deursettingsvermoë.

Jacques moes ongetwyfeld 'n besondere familiemens gewees het, want anders sou hy beslis nooit in dié mate na die welstand van ook sy stiefkinders omgesien het as wat hy inderdaad gedoen het nie. Toe Jacques in 1699 te Kaapstad met Jean Jourdan se weduwee trou, het sy reeds drie seuns en 'n dogter gehad waarvan die oudste met hierdie

huwelik nie ouer as agt jaar kon gewees het nie. Uit die huwelik met Jacques is nog vier seuns en drie dogters gebore. Saam met die kroos van Jean moes sy en Jacques dus altesaam elf kinders versorg. Omdat hy in die materiële sin soveel vir sy familie gedoen het soos onder meer blyk uit sy grondtransaksies, kan ons daarvan aflei dat die betrekkinge tussen hom en sy eie en sy stiefkinders iets besonders moes gewees het.

Uit sy doen en late is dit ook duidelik dat hy nie slegs op materiële gebied besondere eienskappe openbaar het nie, maar dat hy spoedig op sosiale, politieke en kerklike gebied as leier aanvaar is. Sy ondersteuning aan Adam Tas in dié stryd teen die wanpraktyke van die goewerneur en sy verkeising tot kerkraadslid op Stellenbosch lewer daarvan onomstootlike bewys. Maar meer nog. Hieruit kan afgelei word dat hy onverskrokke vir reg en geregtigheid geveg het en dat sy diepe geloofsoortuiging gemaak het dat hy hom vir kerklike diens beskikbaar gestel het. Wat vir ons belangrik is, is dat hy hier te lande nie alleen sy godsvrug en geloof behou het nie, maar dit in praktyk uitgeleef het en aan sy nageslag oorgedra het. Daarvoor kan ons hom nooit dankbaar genoeg wees nie.

'n Man wat dit alles beleef en vermag het, moes ongetwyfeld oor 'n goeie intelligensie beskik het, moes vindingryk en hardwerkend gewees het. Bowendien kon dit nie alles in die geslote en klein gemeenskap waarin hy homself bevind het, suksesvol verloop het indien hy nie ook oor 'n beminlike en innemende maar besliste geaardheid beskik het nie.

Hoewel ook die Malans se voorgeskiedenis soos van sovele Hugenote-families wat hulle aan die Kaap kom vestig het, grootliks in die duister gehul is, het navorsing reeds baie besonderhede aan die lig gebring en kan ons nou al 'n redelike beeld skep van wat in werklikheid voor en sedert die koms van Jacques na die Kaap plaasgevind het. Nogtans berus baie van die besonderhede oor Jacques en die Malans se voorgeslagte en tydgenote wat vandag algemeen aanvaar word, dikwels eerder op vermoede as op historiese werklikhede. Gelukkig word steeds baie navorsing nie alleen oor die herkoms van die Malans van Suid-Afrika onderneem nie, maar geskied dit ook met betrekking tot buitelandse Malan-vertakkings. So beywer persone en instansies hulle in die VSA naarstigtelik daarvoor om die voorgeskiedenis van die Malans uit te pluis.

Daar word algemeen aanvaar dat die geskiedenis en geslagregister van die Malans te lande deegliker ontrafel en te boek gestel is as van enige ander Suid-Afrikaanse familie. Die lys van die belangrikste werke handelende oor plaaslike Malan-families aan die einde van die brosjure getuig genoegsaam hiervan. Maar daarby bly dit nie. Artikels wat in binne- en buitelandse blaaie verskyn het, soos in onlangse nommers van **Signature** en die **Reformatorische Dagblad**, getuig ook

hiervan.

Ongetwyfeld kan die Malans van Suid-Afrika terugkyk op 'n roemryke verlede, 'n verlede waarop iedere lid van hierdie familie en duisende ander wat nie meer die naam dra nie, maar deur bloed daaraan verbonde bly, trots kan wees. Mag hierdie trots familiebetrokkenheid versterk en sorg vir 'n voortbestaan van die Malans as 'n hardwerkende, vooruitstrewende, eerbare en gelowige familiegroep.

Die Profiel van 'n Hugenote-stamvader moet gesien word as 'n eerbetoon deur 'n dankbare nageslag aan ons stamouers. Tydens die Malan-saamtrek op Windmeul op 22 Oktober 1994 word hierdie werkie vrygestel om nie alleen die aankoms van ons stamouers te herdenk nie, maar ook alles waarvoor hulle gestaan en gelewe het. Maar dis nie al nie. Die Malan-familiebond is vanjaar reeds 5 jaar oud en in hierdie kort tyd het dit al baie daartoe bygedra om familietrots en samehorigheid aan te wakker, om navorsing met betrekking tot die geskiedenis en familieregisters van Malans aan te moedig en om gevoelige kontak tussen lede van die familie te bewerkstellig

Met die samestelling van 'n werk van hierdie aard en in reëling van saamtrekke, is daar maar altyd diegene wat onbaatsugtiglik hulle tyd daarvoor afstaan. Graag sou ons almal wat daarby betrokke was hier wou noem. Die lys is egter te groot. Daarom moet noodgedwonge slegs met enkele name volstaan word. Hulle is:

**Francois Malan (F.J.) van Robertson** vir die bybringing van gegewens oor die lewe van Jacques Malan en vir die beskikbaarstelling daarvan aan die Malan-familiebond.

**Alet Malan van Franschhoek** wat hierdie materiaal asook ander agrivale materiaal in sy huidige vorm verwerk het.

**Hercules Malan van Bloemfontein** vir sy onbaatsugtige insette.

**Fanie Malan van Pretoria** vir sy professionele raad en leiding.

**Hercules Malan van die Strand** en **Hannes en Danie Malan van Stellenbosch** vir hulle inisiatief en reëling van die saamtrek op Windmeul.

**Alle ander Bondslede** wat voortdurend hulle ondersteuning by die werksaamhede van die Malan-familiebond verleen.

Mag hierdie werkie vir ons tot 'n besieling dien om die erfenis van 'n vrome voorgeslag te eerbiedig en na die beste van ons vermoë na te volg.

J.C. Malan
Voorsitter van die Malan-Familiebond



*Mev. Tini Vorster*

## BOODSKAP DEUR DIE BESKERMVROU

Familielede en vriende,

Dit is vir my 'n besondere eer en voorreg om vanmiddag as beskermvrou van die Malan-familiebond op te tree.

Die Familiebond is in Desember 1989 deur Hercules Malan gestig na aanleiding van verskeie versoeke van Malans in dié verband. Die aanvanklike ledetal was maar 'n paar in die dertig en 'n paar beskeie nuusbriewe is gedurende 1990 deur die stigter aan die lede gestuur.

Die behoefte aan iemand wat die leiding op hom kon neem om die Familiebond aktief te propageer en uit te bou was van die begin af teenwoordig aangesien Hercules gevoel het dat hy hom by voorkeur aan verdere navorsing oor die Malans wou toewy.

In Oktober 1990 is die voorsitterskap van die Malan-Familiebond deur JC Malan van Port Elizabeth oorgeneem.

JC het hom onmiddellik met hart en siel vir die Bond beywer en die eerste formele nuusbrief van die Malan-familiebond, die blad wat later die naam *Deus Arx Mea* sou ontvang, het reeds in Desember 1990 die lig gesien.

Ten spyte van die uitsprake van doemprofete gaan die Malan-familiebond na vyf jaar van krag tot krag. Die ledetal staan op meer as 200 en verskeie prestasies is bereik.

Saamtrekke van Malans is in die Kaap, Transvaal en die Vrystaat gehou en *Deus Arx Mea* het ontwikkel in verreweg die beste tydskrif van sy soort in Suid-Afrika.

'n Groep van 15 Malans het in September 1991 'n uiters geslaagde toer na die bakermat van die Malans in Italië en Frankryk onderneem. Tydens daardie toer is waardevolle kontak met ons naamgenote in Italië, Frankryk en Nederland gemaak en nuwe inligting oor die vroeë geskiedenis van die Malans ingewin.

'n Gedenkplaat ter nagedagtenis van die Malan-stamouers, Jacques Malan en Isabeau le Long, is in Oktober 1993 in die N.G. Moederkerk in Stellenbosch onthul. Die kerkdiens en seremonie is deur 200 Malans bygewoon.

Benewens die Europese Malans van wie melding gemaak is, het die Malan-familiebond ook reeds kontak gemaak met naamgenote in Amerika, Nieu-Seeland en Engeland.

Voelers word tans uitgesteek om 'n wêreldwye reünie van Malans in die jaar 2000 in die Waldensiese Valleie te hou. Die Suid-Afrikaanse Malans sal ongetwyfeld sterk verteenwoordig wees!

Ten spyte van die fenomenale vooruitgang van die Familiebond kan ons nie bekostig om op ons louere te rus nie. Fondse is voortdurend nodig om die Bond en *Deus Arx Mea* op die voorpunt te hou. Nuwe lede word ook benodig om die Bond ware verteenwoordigers van die hele Malan-familie in Suid-Afrika te maak en ons op ons tone te hou met nuwe gedagtes en idees.

Sluit asseblief **vandag** by die Malan-familiebond aan as u nie reeds lid is nie en moedig alle Malans wat u ken aan om lid te word. Die Malan-familiebond verseker dat u en u kinders se familie-erfenis bewaar sal word!

Tini Vorster
22 Oktober 1994

## Die afkoms van Jacques Malan

Oor die name van die Malanstamvader, Jacques, se ouers is daar al baie bespiegel. Solank sy doopinskrywing nie gevind is nie, sal Jacques se afkoms egter spekulasie bly.

Deur van die volgende bekende feite gebruik te maak, kan 'n stamboom wel vir Jacques Malan opgestel word:

Volgens G.F. de V. Hugo was dit die gebruik by die Franse families om die oudste seun na sy vader en die tweede seun na sy oupa aan vaderskant te vernoem.

Dit sou beteken dat Jacques se vader Daniel Malan moes gewees het. Let ook daarop dat Jacques waarskynlik 'n broer met die naam Daniel gehad het.

Jacques is tydens sy vlugtog van Frankryk vergesel deur sy pa se broer Antoine Malan en sy neef Pierre Malan. Antoine het 'n seun met die naam Pierre gehad. As albei die neefs met die naam Pierre na 'n voorouer genoem is, moes dit hulle oupa, wat natuurlik ook Jacques se oupa was, wees.

Antoine Malan, afkomstig van Luserna san Giovanni, was in 1520 'n getuie by 'n doop op La Motte-d'Aigues. Daar is goeie rede om te vermoed dat dié Antoine 'n voorouer van voorgenoemde Antoine en van Jacques was. As Antoine na 'n voorouer genoem is, sou dit nie verder terug as sy oupa wees nie. Dié Antoine sou natuurlik Jacques se oupagrootjie wees.

Om op te som: Jacques se vader was Daniel, sy oupa Pierre en sy oupagrootjie Antoine.

Hercules Malan



*Denkbeeldige voorstelling van die Hugenote-stamvader Jacques Malan (c.a. 1665 – 1742)*
*Skets: Sonita Malan*

# JACQUES MALAN – STAMVADER

## VOORGESKIEDENIS

Om iets te kan sê oor die stamvader van die Malan-familie in Suid-Afrika, is dit miskien gepas om te begin by die heel vroeë geskiedenis van die familie.

Die vroeë geskiedenis van die Malans is die verhaal van geloofsvervolging en bittere lyding.

Die Malans stam oorspronklik uit die valleie van Piedmont in die noordwestelike deel van die huidige Italië. Volgens 'n baie ou oorlewering is die Evangelie deur die apostel Paulus aan die inwoners van die valleie van Piedmont gebring.

Met die uitvaardiging van die Edik van Milaan in die jaar 313, is die vervolging van Christene in die Romeinse Ryk beëindig. Die Christelike geloof het daarna die amptelike godsdiens van die Ryk geword.

Die biskop van Rome het mettertyd daarop aanspraak gemaak dat hy die opvolger van Petrus is. Op grond van Matteus 16:18-19, het hy beweer dat hy die hoof van die kerk is. Hy het aan homself ook die titel Pous toegeken.

**Claudius**, die biskop van Turyn, het geglo dat 'n mens net deur geloof salig kan word. Hy het alle beelde uit die kerke in sy gebied laat verwyder.

Nadat hy geweier het om die biskop van Rome se oppergesag te aanvaar, het hy in 830 na die valleie van Piedmont gevlug.

Die naam **Malan** is aanvanklik as skeldnaam deur die Rooms-Katolieke gebruik vir die "*ketters*" wat nie die Pous se gesag wou erken nie. **Malan** beteken blykbaar "*melaatse*" en deur uitbreiding "*struikrower*". Mettertyd het sommige dit as erenaam en familienaam aangeneem.

Valdès, 'n ryk koopman van Lyon het, na aanleiding van Matteus 19:21, al sy goed verkoop, die opbrengs aan die armes uitgedeel en 'n vereniging van lekepredikers gestig. Hulle was bekend as die "Armes van Lyon" en het dele van die Bybel in die volkstaal vertaal.

Aan die begin van die 13de eeu kom die "*Armes van Lyon*" in Piedmont aan om die Evangelie te verkondig. Hulle boodskap lei daartoe dat hierdie gelowiges, wat ook van die Roomse kerk vervreemd is, met hulle verenig. Hulle staan later bekend as die **Waldensers.**

Tussen 1348 en 1400 is die Luberon gebied, tussen die Durancerivier en die Luberonberg (in Provence), grootliks ontvolk as gevolg van peste en oorloë. Die dorpe van die Luberon is uiteindelik almal ontruim en die landstreek is as wildernis agtergelaat. Ook Mérindol, die hoofdorp van die streek, is in puin gelê.

Lodewyk II, wat na die oorloë eienaar van die Luberon was, was verplig om dit aan die *Seigneurs* (landhere) van Piedmont te verkoop om sy skuld te betaal. Die Piedmontese is deur die nuwe eienaars aangemoedig om hulle in die verlate landstreek te vestig en verskeie Waldensiese nedersettings is toe langs die Durancerivier gestig.

Grootskaalse herbewoning van die Luberon het egter eers in die 16de eeu plaasgevind nadat die "*actes d'habitation*" uitgevaardig is (in 1504 vir Mérindol en 1506 vir St Martin d'Aigues). Die nuwe inwoners van die Luberon was meestal Waldensers.


Dit is onbekend wanneer die eerste Malans hulle in die Luberon gevestig het. Reeds in 1520 en weer in 1545 word die naam van Antoine Malan, van Luserna, in dokumente genoem.

## KERKHERVORMING EN DIE WALDENSERS

In 1517 het Martin Luther sy besware teen die wanpraktyke in die Roomse Kerk bekend gemaak. Dit het gelei tot die Kerkhervorming wat spoedig regoor Europa steun gevind het.

Die leerstellings van die Hervormers of **Protestante** het in hoofsaak met dié van die Waldensers ooreengestem. Hulle het dus op 'n kerkvergadering wat in 1532 te Chamforan in Piedmont gehou is, besluit om by die Protestante aan te sluit. Hulle het ook die fondse verskaf vir die eerste Protestantse vertaling van die Bybel in Frans.

In dieselfde jaar dat die Waldensers by die Protestante aangesluit het, het die parlement van Aix-en-Provence opdrag gegee dat die Waldensers hul geloof moes aflê of die land moes verlaat. Hierna het die vervolging van die Protestantse inwoners van die Luberon toegeneem.




DIE LUBERONSTREEK, Provence,
Frankryk: Bakermat van die
Malans- - - Dr. H.M. Malan.
Skaal: 1;200000

Op 18 Februarie 1541 het koning Frans I 'n algemene amnestie vir alle Protestantse gevangenes aangekondig, op voorwaarde dat hulle binne drie maande afstand doen van hul geloof. Die Waldensiese Protestante het hierop gereageer deur op 6 April 1541 'n geloofsbelydenis op te stel en aan die Koning te stuur.

Op 1 Januarie 1545 het Frans I die Dekreet van Mérindol goedgekeur wat aan die parlement van Aix-en-Provence die reg verleen het om teen die Waldensiese Protestante op te tree. Al die Protestantse dorpe in die Luberon is toe (16-21 April 1545) afgebrand. Die inwoners wat nie doodgemaak is of gevlug het nie, is gevange geneem. Die gevangenes is óf na die brandstapel, óf as slawe na die galeie gestuur.

Die nuwe koning, Hendrik II, het egter die Dekreet van Mérindol nietig verklaar en die gevangenes vrygestel.

Tydens die vervolging het die meeste Waldensers na Piedmont gevlug. Na 1556 het hulle egter weer na die Luberon terug gekeer en was Mérindol weer eens die sentrum van die Waldensiese gemeenskap in Provence.

Die Franse Protestante, bekend as **Hugenote**, het so 'n sterk politieke mag geword dat hulle 'n bedreiging vir die Koningshuis was. Die massamoord op en na Bartolomeus-nag (24 Augustus 1572) was 'n poging om die mag van die Protestante te breek. Tydens hierdie vervolgings is die Hugenote van Provence met rus gelaat.

In 1576 het koning Hendrik III sekere godsdienstige en politieke regte aan die Hugenote gegee en op 13 April 1598

het koning Hendrik IV die **Edik van Nantes** uitgevaardig wat aan hulle geloofsvryheid gegee het. Die vervolging van die Hugenote het egter nog sporadies voorgekom en het toegeneem na die dood van Hendrik IV.


Koning Lodewyk XIV het die vryhede van die Hugenote geleidelik ingekort. Hy het ook "*draggonades*" ingestel waar soldate (dragonders) by die Hugenote ingekwartier is.

Aangesien hierdie maatreëls nie die gewenste uitwerking gehad het nie, het hy op 22 Oktober 1685 die **Edik van Fontainebleu** uitgevaardig waardeur die Edik van Nantes herroep is. Hierdeur is die Hugenote al hul regte ontneem en is hulle oral vervolg. Baie van hulle is vermoor en gevange geneem en honderde duisende het uit die land gevlug.

Baie Malans het in die Luberon gebied en veral in Mérindol gewoon. Van hulle het ook as gevolg van die vervolgings die land verlaat. Onder hulle was Jacques Malan, die stamvader van die Suid-Afrikaanse Malans.

## VAN FRANKRYK NA DIE KAAP

Die word aanvaar dat **Jacques Malan** van Saint Martin-de-la-Brasque (ook bekend as Saint Martin-d'Aigues) sowat 20 kilometer oos van Mérindol afkomstig is. Hy was moontlik 'n broer van dié Daniel en Paul Malan van dieselfde dorp wat hulle onder dwang tot die Katolieke geloof laat bekeer het. In 1701 het hulle aansoek gedoen om die grond van hul broer, Jacques, te bekom.




+ Opgestel deur dr. H.M. Malan

Ons weet maar min van sy vroeë lewe. Hy is in ongeveer 1665 gebore. Dit is nie bekend presies wanneer sy familie van Mérindol na Saint Martin getrek het nie. Daar kan egter wel aangeneem word dat hulle naby familie van die Mérindol Malans was.

Ongeveer twee jaar na die herroeping van die Edik van Nantes het 'n paar Malans besluit om Frankryk te verlaat, eerder as om van hul geloof afstand te doen.

Hulle was Pierre Malan en sy vrou, Isabeau Richarde, sy oom en tante (Antoine Malan en Isabeau Verdette) en sy neef, **Jacques Malan**. Volgens oorlewering het Jacques hom tydens die vlug as vioolspeler vermom.

Hulle het eers na Lausanne in Switserland gevlug. Van Lausanne is hulle verder na Frankfurt-am-Main in Duitsland waar hulle in Oktober 1687 aangekom het. Hier het hulle hulp ontvang van die plaaslike Franse Gereformeerde Gemeente. Daarna is hulle na Nederland. Op 20 Maart 1688 het hulle met die **Berg China** uit Rotterdam na die Kaap vertrek.

Die *Berg China* was 'n skip van die Kamer Rotterdam. Dit was 160 voet lank met 'n vragkapasiteit van 100 kubieke voet. Dit kon ook 175 persone aan boord neem. Die kaptein was Samuel Janse van Grol.

Hierdie vaart was glad nie voorspoedig nie. Deur omstandighede is hulle gedwing om die noordelike roete om die Britse eilande te neem. Die vaart het dus meer as vier maande geduur.

Twintig mense (meestal passasiers) is tydens die vaart oorlede. Met hul aankoms in Tafelbaai op 4 Augustus 1688 was daar 50 siekes aan boord wat behandeling moes ontvang. Dit is moontlik die rede hoekom die passasiers eers op 11 Augustus aan wal gebring is. Op 24 Augustus het die *Berg China* weer uit Tafelbaai vertrek.

Onder die passasiers was daar 34 Hugenote asook 'n aantal weesmeisies. Die groepie Malans wat aan boord gegaan het se name kom as volg op die passasierslys voor:


*1 Anthoine Madan* (dit moet Malan wees) *out 38 jaren en*
*1 Elisabeth Verdette zijn vrouw out 23 jaren,*
*1 dochterken genaamt* (naam nie gegee) *out 10 maenden*
*Sa[men] 3 in dese familie*
*1 Pierre Malan out 23 jaren met zijn vrouw*
*1 Isabeau Richarde out 20 jaren*
*sa 2 personen in dese familie*

Ander Hugenote aan boord het lede van die **Minnaar** (Mesnard) en **Jordaan** (Jourdan) families ingesluit.

Hoewel Jacques Malan se naam nie op die passasierslys verskyn nie, word tog aangeneem dat hy ook met die *Berg China* uitgekom het.

Die passasierslys is reeds op 23 Desember 1687 opgestel terwyl die skip eers op 20 Maart 1688 vertrek het. Daar het later nog persone bygekom terwyl ander nie aan boord gegaan het nie.

Pierre Joubert (wie se naam nie op die lys is nie) is op



*Voorbeeld van 'n 17de eeuse skip van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie. Vergelyk ook bladsy 6.*

1 Februarie 1688 met Susanne Resne (Reyne) getroud. Haar naam verskyn wel op die lys, maar toe nog as "*jongedochter out 20 jaren*". Sy is ook tydens die vaart oorlede.

Van die hele groep Malans was dit net Jacques en sy neef se vrou, Isabeau Richarde, wat in Suid-Afrika aangekom het. Antoine Malan met sy vrou en babadogter asook Pierre Malan is tydens die vaart oorlede. Isabeau Richarde is later (waarskynlik nog aan boord) getroud met Pierre Joubert.


## VLUGTELING TOT VRYBURGER

Jacques Malan was in sy twintiger jare toe hy in die Kaap aangekom het. Volgens die passasierslys word die Franse aan boord die Berg China beskryf as mense met 'n goeie kennis van wynbou. Dit is dus waarskynlik dat Jacques in Frankryk 'n wynboer was.

Daar kon nog nie vasgestel word waar hy in die eerste paar jaar na sy aankoms geboer het nie. Hy het wel geboer want hy het geld, landbougereedskap en vee van die Kompanjie ontvang. Soos die ander Hugenote het hy waarskynlik ook eers in Groot-Drakenstein grond ontvang.

Dit is moontlik dat hy en Pierre Jourdan en Jean Jourdan aanvanklik saam geboer het. Volgens die monsterrolle word hulle drie (tot 1691) as "*compagnons*" (= maats) aangegee. Vanaf 1692 kom hul name afsonderlik op die monsterrolle voor.

Die meeste Hugenote was ontevrede met die plase wat hulle



*Ou Woonhuis op La Motte, die woonhuis van Jacques Malan, die Franse vlugteling. Bron: Korte Lewenskets van D.G. en E.J. Malan deur F.S. Malan, B.A., L.L.D., P.C.; Kaapstad, 1928*

ontvang het. Volgens hulle was die kwaliteit van die grond baie swak en sou hulle nooit 'n bestaan daaruit kon maak nie.

'n Afvaardiging, gelei deur ds Pierre Simond, het namens hulle by die Goewerneur gaan aansoek doen vir ander landbougrond. Na 'n plaaslike ondersoek is die Hugenote toegelaat om hulle elders te gaan vestig. Toe hulle daarna nog nie tevrede was nie en weer ander grond gevra het, is die versoek geweier.

In Oktober 1694 het 'n aantal Hugenote na plase in *Olifantshoek* (vandag Franschhoek) getrek. Pierre Jourdan het op die plaas *Cabrière* gaan boer en Jean Jourdan op *La Motte* net oos daarvan. (Daar is nóg twee plase met die naam La Motte. Een by La Motte en een by Simondium).

Jean Jourdan het vanaf 18 Oktober 1694 op die plaas La Motte in Olifantshoek geboer. Die plaas word in hierdie tyd beskryf as *"La Motte leggende onder Drakenstein over de bergrivier aan het olyphantspad"*.

Jacques Malan het hierdie plaas bekom toe hy in 1699 met Jourdan se weduwee getroud is. Die grondbrief is egter eers op 18.12.1713 aan hom uitgereik. Daarop word die grootte aangegee as "61 morgen 200 quadraat roeden". Op 25.4.1719 verkoop hy die plaas aan sy stiefseun, Pieter Jourdan.

Die plaas is sedertdien in verskeie plase verdeel. Die oudste geboue kom voor op Lens, Oude Kelder en Bo-la Motte. Die plaas grens aan die grond waarop die Hugenote Monument tans staan.

Op 7 Junie 1702 het Jacques twee plase van Jean Gardé gekoop, naamlik **Languedoc** by die Paarl en **La Rhone** in Groot-Drakenstein. Op 12 Mei 1708 het hy albei aan sy stiefseun Pieter Jourdan oorgedra.

In 1709 het hy 'n paar plase in die Paarl aangekoop. Op 30 Junie koop hy **Ezels Kloof** van Gerrit Jansz van Deventer. Op 3 Julie koop hy **Rheboks Kloof** van Dirk van Schalkwyk en verkoop dit weer op 19 Februarie 1712 aan Henning Viljoen.

Ook in 1709, koop hy **St Martijn** wat hy op 24.8.1719 aan Booy Booysze verkoop. (Die oordrag vind eers op 15 Januarie 1722 plaas). Dieselfde jaar koop hy **Waterpoel**, Agter-Paarl van Dirk van Schalkwyk en verkoop dit weer in 1712 aan Henning Viljoen.

Op 29 Oktober 1709 het Jacques die plaas **Morgenster**, van 171 morg 75 roede, in **Hottentots-Holland** gekoop. Dit was 'n deel van goewerneur W A van der Stel se plaas **Vergelegen** wat verdeel en verkoop is nadat Van der Stel uit sy amp onthef is. Jacques het hier gewoon en geboer totdat hy die plaas op 9 Mei 1725 aan sy seun, Daniël, verkoop het.

Op 1 September 1724 koop hy **Cloetenberg** by Barend Pietersz. Hy het ook op 23 Oktober 1726 erf nommer 112 in Tafelvallei (die Kaap) gekoop. Op 18 Januarie 1732 het hy die plase **De Kromme Rivier** en **Dwars in die Weg** van Roelof Jonas (Robbert Jansz ?) gekoop. Hy verkoop die twee plase weer op 17 Julie 1732 aan Pieter Venter.

Jacques was ook in besit van die plaas **De Faisantekraal**

geleë "*over de botten rivier*" wat Isabeau le Long van haar eerste man geërf het. Hy besit ook **De Doorne Kraal** wat hy op 10 Junie 1729 aan sy seun, David, verkoop.

Op 20 Mei 1733 verkoop hy twee erwe in Tafelvallei asook die plaas **Duymeling** aan Mauritz Godlob.

Op 28 Mei 1711 word die plaas **Morgenster** op Jacques se naam geregistreer. In 1719 het sy stiefseun Pierre Jourdan, wat tot op die datum by sy ouers op **Morgenster** gewoon het, na Franschhoek teruggekeer om op **La Motte** te gaan boer.

Met sy aankoms aan die Kaap in 1688 het Jacques die volgende voorrade van kommandeur Simon van der Stel ontvang:

"*6 mudden tarw; 20 lb spyckers;*
*1 graaf; 1 lb loot; 1 ysere pot;*
*Snaphaanstenen; 1 snaphaan;*
*2 lb Buscruyt en 8 runderbeesten*"

In 1689 het hy "10 mudden tarw", 'n ploegskaar, 2 sekels en verdere kleinighede gekry. In 1690 het hy nog finansiële hulp gekry.

Teen 1700 het hy egter al goed vooruit begin boer. Hy het toe al reeds 'n hele paar diere (perde, beeste, skape en varke) gehad en sy wingerde en koringlande het goeie oeste gelewer. Daarby het hy op hierdie vroeë stadium al reeds drie slawe gehad.

As suksesvolle boer het Jacques daarin geslaag om hom op te werk van 'n arm vlugteling tot 'n welvarende burger. Sy inkomste en besittings het deur die jare bestendig

vermeerder.

## LANDSBURGER

Behalwe vir sy boerdery, was Jacques ook in die gemeenskap bedrywig. So het hy byvoorbeeld sy steun toegesê aan Adam Tas en sy vriende wat teen goewerneur W A van der Stel se bewind in opstand gekom het. Hy was een van die 30 Franse wat die klagskrif teen Van der Stel onderteken het.

Op 19 Februarie 1706 is hy deur landdros Starrenburg aangesê om Van der Stel se getuigskrif te onderteken. Hy weier egter en sê dat hy "*zulks met geen geruste conscientie kunnen doen*". Hierop het Starrenburg gedreig om sy plaas van hom weg te neem.

Op 24 Februarie 1706 het Jacques Malan en sy buurman, Estienne Niel, teen middernag te perd by Adam Tas aangekom. Hulle het toe saam 'n verklaring opgestel en dit onderteken. Hierdie verklaring sou later as die eerste deel van die sogenaamde *Contra-Deductie* opgeneem word.

Nadat hulle 'n afskeidsdrankie saam met Tas gedrink het, het die twee ruiters weer na Drakenstein teruggekeer. Hulle het ook 'n brief van Adam Tas aan Francois du Toit saamgeneem.

In Hottentots-Holland het Jacques hom hoofsaaklik op veeboerdery toegelê. Hierdie soort boerdery het soms vir hom probleme meegebring.

Op 8 Julie 1715 het die burgers Philip Morkel, Hans Conterman en Jacob (Jacques) Malan 'n klagte by die landdros en heemrade ingedien waarin hulle beweer dat die burger David du Buisson, die heemraad Johannes Wessels en veral die oud-heemraad Dirk Coetsee hulle in die weiding van hul vee benadeel het.

Op 5 Augustus 1715 is die klagte deur die heemrade Pieter van der Byl en Adam Tas ondersoek en het hulle bevind dat dit totaal ongegrond is.

Die drie burgers het egter hul klagte herhaal en verduidelik dat hulle hul plase in Hottentots-Holland teen hoë pryse aangekoop het met die verwagting dat hulle 'n goeie bestaan sou kon maak.

In dieselfde omgewing is egter ook veeposte vir tydperke van ses maande aan ander persone verhuur. Die plaaseienaars kon daarom nie hul vee daar laat wei nie en is dus benadeel.

Hulle het ook beweer dat David du Buisson en Dirk Coetsee se plase te na aan hulle s'n was. Ook hierdie klagte is deur die landdros en heemrade ongegrond bevind.

Op 'n keer het van die Khoikhoi (Hottentotte) by die Goewerneur gaan kla dat Jacques onwettig vee van hulle geruil of gevat het. As antwoord het Jacques op 20 Januarie 1716 'n verklaring voor die landdros en heemrade afgelê waarin hy beweer dat hy nog nooit vee van enige Hottentot geruil of gevat het nie.

Jacques was ook vir baie jare lid van die Stellenbosse

kerkraad; eers as diaken en later as ouderling. In 1717 het hy, as kerkraadslid, toesig gehou oor die aanry van groot hoveelhede bouklip en hout wat nodig was vir die bou van die nuwe kerk op Stellenbosch. (Die kerk is later tot sy huidige grootte aangebou).

In 1722 het hy 'n stewige stinkhoutbalk geskenk waaraan die klok by die nuwe kerk opgehang kon word. Die klok-stellasie is egter eers drie jaar later van kiaathoutbalke gebou. Dit is dus nie seker wat van hierdie stinkhoutbalk geword het nie.

Jacques kon aanvanklik nie lees of skryf nie en het sy naam met 'n jm geteken. Hy het egter tussen 1716 en 1719 leer skryf en van toe af 'n volledige handtekening gehad. Isabeau het haar naam met 'n kruisie of ander merk geteken.

## GESINSLEWE


Jacques Malan is in 1699 met **Isabeau le Long**, die weduwee van Jean Jourdan, getroud.

**Jean Jourdan** het ook met die *Berg China* na die Kaap gekom. Hy is in 1662 in Saint Martin-de-la-Brasque, Frankryk gebore en in 1698 op ongeveer ses-en-dertig jarige ouderdom oorlede.

Jean Jourdan en Isabeau le Long het vyf kinders gehad:

Pieter * 1691 † 1736, ongetroud.
(Hy het op *La Motte* gaan boer)

Jan * ca 1693; x 19.3.1724 Susanna **Jourdan** * ca 1703, d.v.



*Die Morgenster-opstal (Somerset-Wes)*

*Jacques Malan se kleinkind Jacobus Hermanus Malan, derde kind van Daniel, het die ou herehuis, wat vandag nog daar staan, op Morgenster gebou. Jacques het waarskynlik die buitegebou opgerig en daarin gewoon.*

*Bron: Die Vondeling-Malans deur S.I. Malan, Pretoria. 1993*

*Foto: J.C. Malan, 1994*

Pierre Jourdan en Anna Fouché

Paul ~ Drakenstein 25.9.1695;
x Rachel **Niel** ~ 10.7.1707,
d.v. Estienne Niel en Marie Madeleine Marais. (Estienne Niel het blykbaar nie veel van sy skoonseun gedink nie. In sy testament het hy verklaar dat sy dogter, Rachel en haar kinders, die geld wat hy aan hulle nalaat mag gebruik, maar haar man, Paul Jourdan, kon nie daarvan kry nie, omdat "*die sig dagelyks in den drank te buyten gaat en syn eijgen goederen doorbrengt*")

Louis ~ Drakenstein 15.7.1697;
x 11.4.1728 Petronella **van Staden,** wed.v. Nicolaas Prinsloo, d.v. Maarten van Staden en Catharina Willemsz;
xx 18.10.1739 Maria **Guillaumet** (Giliomee), vanaf Languedoc, Frankryk

Janne (Johanna) ~ Drakenstein 18.1.1699. (Haar vader was reeds oorlede toe sy gedoop is);
x 19.6.1718 Daniel **Krynauw**, vanaf Grabow, Duitsland;
xx 31.10.1734 Andreas Hesselbarth vanaf Halle, Sakse † 4.2.17.56.

Een van die ander Jourdans wat na die Kaap gekom het, Pierre, het ook kinders gehad. Sy een seun het wel kinders gehad, maar hulle het nie 'n nageslag in die manlike lyn nie. Al die Jordaans stam dus af van Jean Jourdan en Isabeau le Long.

Isabeau le Long het dus die eer dat sy die **stammoeder** is van twee Suid-Afrikaanse families, naamlik die Jordaans en die Malans

Sy is in die dorpie La Motte-d'Aigues, Provence, Frankryk, gebore en het waarskynlik ook in 1688 met die Berg China na die Kaap gekom. In 1690 is sy met Jean Jourdan getroud.

In haar veelbewoë lewe het sy 12 kinders in die wêreld gebring. Drie van hulle moes sy as jong kinders aan die dood afstaan terwyl een in die selfde jaar as sy oorlede is.

Sy het ook haar eerste man verloor toe hy nog in die fleur van sy lewe was. Sy is op 30 jarige ouderdom as weduwee agtergelaat met vyf klein kindertjies om te versorg. Daarby was die plaas op daardie tydstip (1698) nog net vir vier of vyf jaar onder bewerking en het nog nie 'n groot oes gelewer nie.

Volgens Jean Jourdan se boedelinventaris was daar op die plaas 'n klein houthutjie met min meubels in. Hy het ook maar min landbou gereedskap gehad. Verder het hy 8 swak beeste, 3 perde en 50 skape gehad. Sy totale bates het *f* 1 975 bedra terwyl sy skuld aan die Kompanjie en ander inwoners van Drakenstein *f* 975 was.

Gelukkig het Isabeau nie nodig gehad om lank alleen te bly nie want net die volgende jaar (1699) het sy met Jacques Malan hertrou.

Isabeau is in 1736 op Morgenster, Hottentots-Holland oorlede en in die familiegraf in die ou Stellenboschkerk

begrawe.

Jacques Malan is in 1742, ses jaar na sy vrou oorlede. Hy is ook in die familiegraf (nr 8) in die ou Stellenboschkerk begrawe.

**NAGESLAG**

Vir Jacques Malan en Isabeau le Long is sewe kinders gebore:

Jacobus * 2.7.1700 † jonk

Elisabeth Anna * 30.11.1701
~ Stellenbosch 22.1.1702;
x Stellenbosch 29.4.1725 Hermanus **Kriel**, vanaf Hanau, Duitsland * 1694 † 1739, wew.v. Maria Steyn, soldaat, bakker en later boer op *Paarl Diamant*, Drakenstein; xx Paarl 5.12.1745 Johan Caspar **Schlee**, vanaf Schlieben, Duitsland

Daniel * 11.9.1703 † 25.1.1770;
x Stellenbosch 18.8.1724
Maria **Verdeau** * ca 1705 † 1750, wed.v. Pieter Jourdan, d.v. Hercule Verdeau en Maria Catharina Wibaut; xx Kaapstad 13.12.1750 Emerentia **Steyn** ~ Kaapstad 21.3.1717 † 1762, wed.v. Arnoud Schephaut, d.v. Jacobus Steyn en Maria Potgieter

Maria * 6.4.1705 ~ 28.11.1705
† 25.2.1780; x Stellenbosch 30.4.1724 Adriaan **Louw** ~ Kaapstad 12.11.1702 † Roggeveld 1772, boer *De Goede*

*Ontmoeting*, Philadelphia, s.v. Jacobus Louw en Maria van Brakel

Catharina * 20.3.1707 ~ Paarl 15.5.1707 † jonk

David * 19.7.1708 ~ Kaapstad 2.9.1708 † 1792; x Paarl 17.4.1735 Eleonore **Melius** ~ Paarl 28.4.1715 † 1750, d.v. Johann Heinrich Melius en Hester Roux; xx Paarl 22.11.1750 Elisabeth **Marais** ~ Paarl 23.12.1725 † 1802, d.v. Stephanus Marais en Marie Elisabeth de Villiers

Jacob * 8.11.1710 ~ Kaapstad 14.12.1710 † jonk.

Van Jacques en Isabeau se sewe kinders is drie jonk oorlede, naamlik **Jacobus, Catharina** en **Jacob.**

Die oudste dogter, **Elisabeth Anna**, was tweemaal getroud. Haar eerste man, Hermanus Kriel, was 'n wewenaar wat 'n seun en 'n dogter by sy eerste vrou gehad het. Die seun is egter nie getroud nie. By Elisabeth Anna het hy nog ag kinders gehad. Sy is dus die stammoeder van al die Kriels in Suid-Afrika.

'n Paar jaar na Hermanus Kriel se dood in 1739, is sy weer met 'n Duitser, Johann Caspar Schlee, getroud. Dit is nie bekend of hulle kinders gehad het nie.

Die ander dogter, **Maria**, is getroud met Adriaan Louw. Hulle het tien kinders gehad. Hoewel Adriaan op Louwsvliet aan die Liesbeekrivier gebore is, het hy in sy jeugjare op Elsenburg, Stellenbosch gewoon. Maria en Adriaan het

mekaar moontlik daar ontmoet. Adriaan het, behalwe *De Goede Ontmoeting*, ook 'n veepos, Louwshoek by Dassenboschrivier en De Voorsorg by Goudini gehad.

Die seun, **Daniel**, was eers getroud met Maria Verdeau, die weduwee van Pierre Jourdan van Cabrière.

Hulle kinders was:

Maria Elisabeth * 29.6.1725
Magdalena * 27.7.1727
Jacobus Hermanus ~ 27.11.1729
Daniel Wijnand ~ 9.9.1731
Hercules Adriaan ~ 7.2.1734
Helena Catharina ~ 11.3.1736
Susanna Magdalena ~ 3.3.1737
David ~ 22.1.1741
Petrus Gerhardus ~ 19.3.1744

Magdalena, Susanna Magdalena en Petrus Gerhardus is blykbaar al drie jonk oorlede. Die twee dogters is ook in die familiegraf (nr 8) in die Stellenboschkerk begrawe.

Die plaas *Morgenster* is in 1725 op Daniel se naam oorgedra. Hy het ook die plaas *Cloetenburg* in 1732 van C Louw en *Lourensford* ('n deel van Vergelegen) in 1752 van Andries Schutte gekoop.

Na sy eerste vrou se afsterwe is Daniel weer getroud. By sy tweede vrou, Emmarentia Steyn, het hy die volgende kinders gehad:

Jacobus ~ 25.6.1752
Elisabeth ~ 21.10.1753

Anna Maria ~ 28.11.1756
Maria Isabella ~ 6.8.1758

In 1757 het Daniel 1 kneg, 38 slawe, 20 perde, 70 beeste, 300 skape en 50 000 wingerdstokke gehad. Sy oes was 40 lêers wyn en 40 mud koring. Hy het ook 'n verdere 170 beeste en 800 skape op sy veeplaas in die Swellendam distrik gehad.

Daniel was ook lid van die Stellenbosse kerkraad en heemraad vir Stellenbosch. Hy is saam met sy twee vrouens in graf nommer 86 in die Stellenboschkerk begrawe.

Jacques Malan en Isabeau le Long het tot met hul dood by Daniel op *Morgenster* gewoon. Met Isabeau se afsterwe in 1736 het die Langwerpige woonhuis bestaan uit 'n voorhuis, 'n kombuis en 'n wynkelder.

Die huis was tiperend van daardie tyd en het nie spesifiek vir slaapplek voorsiening gemaak nie. Dit het ook 'n solder gehad. Daar was dus 'n plafon (wat 'n uitsondering was by vroeg 18de eeuse plaaswonings). Die plaasmense was redelik selfonderhoudend aangesien hulle oor al die nodige kuiper- en smidsgereedskap beskik het.

Jacques Malan se sesde kind, **David**, was ook twee maal getroud. Uit sy eerste huwelik met Eleonora Melius, het hy die volgende kinders gehad:

Hester Elisabeth * 4.3.1736
Maria * 28.3.1737
Jacobus Johannes * 10.4.1739
Daniel * 22.10.1741

**FACSIMILÉ VAN**
**STAMVADER SE HANDTEKENING**




*Bron: Kaapse Hugenote, C.G. Botha, Kaapstad, 1939 –*
*Opgaaf van handtekeninge: Kantoor van die*
*Landmeter-generaal, Kaapstad*

Uit sy tweede huwelik, met Elisabeth Marais, is die volgende kinders gebore:

David * 11.9.1751
Maria Elisabeth* 13.4.1754
Stephanus * 16.12.1756
Elisabeth Margaretha * 20.2.1760
Jacob * 21.11.1762

David het aanvanklik by De Doorne Kraal, Paardeberg gewoon. Teen 1776 het hy op die plaas De Fortuijn by Hottentots-Holland geboer. Later het hy na Cuijperskraal by Koeberg getrek. Hy was 'n welvarende boer wat teen 1782 reeds 27 slawe en baie vee besit het. Hy was ook ouderling van die Swartlandse gemeente.

Feitlik alle Malans in Suid-Afrika stam van David Malan af.

Verklaring:

* = gebore, ~ = gedoop, † = oorlede,
x = getroud, xx = hertrou
s.v. = seun van, d.v. = dogter van, wew.v. = wewenaar van

## GESAMENTLIKE TESTAMENT VAN JACQUES EN ISABEAU MALAN in 1719

Op 16 Desember 1719, toe Jacques Malan se gesondheid veel te wense oorgelaat het, het hy en sy vrou op hul plaas Morgenster, Hottentots-Holland, waar hulle toe woonagtig was, hulle gesamentlike testament gemaak:

*"Overdenkende des menschen levens broosheijt op deser aarde, als een schaduwe vergankelijk, de sekerhijt des doods, en die onsekere ure van dien"*; en *"niet gaarne uijt deser scheijden willende voor ende aleer zij van hare tijdelike goederen, hen van God Almagtigd verleend, zouden hebben gedisponeert"* – derhalwe maak hulle dan sekere bepalings in verband met hul nalatenskap.

Aan die armes van die distrik Stellenbosch bemaak hulle honderd gulden, *"zullende ses weken na de dood van een ijder van hen beijden ten behoeven van gemelde armen uijtgekeert werden vijftig gulden"*. Alles wat oorbly, gaan na die gewone erfgename: die langslewende en die kinders. Verder maak die testateurs voorsiening vir eksekuteurs en vir voogde van onmondige kinders, en eindelik bepaal hulle dat hul goedere nie verkoop sal word nie, *"maar deselve door goede mannen getaxeert en geextimeert zullen werden"* 1)

Jacques Malan se gesondheid het egter weer verbeter. Nog jare lank was hy weer fris en gesond, en het hy steeds vooruitgeboer tot met sy afsterwe in 1742.

Bron: (1) St. 18/4: Testamenten, 1715 – 1720, nr. 31; en M.O.O.C. 7/5: Testamenten, 1735 – 1737, nr. 40. K.A.

Bronne:

Hugenote-Gedenkmuseum, Franschhoek:

Malan, Hercules: **Die Malans van Suid-Afrika. Geskiedenis en Geslagsregister** Blyvooruitzicht, 1988

Malan, Hercules: **Hersiene hoofstuk vir "Die Malans van Suid-Afrika"**

Malan, Alet: **Georg Stephanus Malan en sy Familie** Franschhoek, 1985

Coertzen, P: **Die Franse Hugenote in Suid-Afrika. 'n Kerkhistoriese Studie** Stellenbosch, 1976

Argiefbewaarplek, Kaapstad:

Monsterrolle

Opgaafrolle

Boedelinventarisse

## PUBLIKASIES OOR DIE MALANS


Barry, Betty: **Die Malans van Salomonsvlei.** Calitzdorp 1976.

Booyens, Bun: **Die lewe van D F Malan – Die eerste 40 jaar.** Kaapstad. Tafelberg-uitgewers 1969.

Cloete, E: **Die Lewe van Senator F S Malan (president van die Senaat).** Johannesburg. Afrikaanse Pers-Boekhandel 1946.

Dreyer, A: **Nagelatene Leerredenen van Ds. David Johannes Malan.** Kaapstad 1908.

Lückhoff, ds A D: **Pieter Malan van Namakwaland.** 1947. *

Malan, Alet: **George Stephanus Malan en sy Familie.** Franschhoek. Hugenote-gedenkmuseum 1985. **

Malan, F J: **Jacques Malan die Hugenoot en sy Mense naaste aan hom.** Getikte manuskrip, Robertson, 1994.

Malan, F S: **Die Geheim van 'n Ideale Huwelik** of **Korte Lewenskets van D.G. en E.J. Malan** Kaapstad 1928.

Malan, G F: **Warm Harte: Die Lewensverhaal van Charlie en Christine Malan.** Jeffreysbaai 1993. **

Malan, H V: **The Malan de Mérindol.** 1863. Facsimile edition by the Malan Family Association 1992. *

Malan, Hercules: **Familiegeskiedenis van Hercules Morkel Malan.** Ventersdorp 1985.

Malan, Hercules: **Die Malans van Suid-Afrika:** Geskiedenis en Geslagsregister. Blyvooruitsig 1988. ***

Malan, Jacques: **Die Malan-gedenkboek.** Johannesburg. Voortrekkerpers 1951. *

Malan, Jacques: **Familie-album en Geslagsregister van Daniel Malan (1799 – 1881) van Brandbach, Transvaal.**
Pretoria. Privaat gedruk 1971. *

Malan, J N: **Familieregister van die Malans van (veral) die Oos-Kaaplandse Tak en in besonder die distrikte Adelaide en Fort Beaufort**
Getikte manuskrip,
Stellenbosch, 1985

Malan, Jëan N: **Johannes Nicholas (Nico) Malan – Adminstrateur van Kaapland: 1960 – 1970**
Getikte manuskrip, Stellenbosch, 1988

Malan, Jëan: **Die Malans: Verspreiding deur die R.S.A. en S.W.A.**
Getikte Manuskript, Stellenbosch, 1988

Malan, P C: **Paul Coetzer Malan.**
Pretoria 1987.

Rühl, Dirk: **Het Familiewapen Malan**
Handgeskrewe manuskrip,
Heemstede, 1953

Malan, Stephanus Immelman: **Die Vondeling-Malans.**
Pretoria. Aristo Pers 1993. **

Pieterse, H J C: **Oorlogsavonture van Genl. Wynand Malan.**
1946.

Pretorius, Gert: **Die Malans van Môrewag.**
1965.

Thom, H B: **D F Malan.**
Kaapstad, 1980.

Walker, Oliver: **Sailor Malan.**
1953.

* Verkrygbaar van die Malan-Familiebond, Posbus 10215, Linton Grange 6015. Tel. 041-742010.

** Doen navraag by die Malan-Familiebond.

*** Doen navraag by Hercules Malan, Louis Bokstraat 4 Universitas Bloemfontein 9301.